SAKE 24 (Volksblad)
Monday, 25 May 2009, p. 12

Liberty trots op erkenning wat hy vir sy produkte kry

Liberty is trots daarop om die eerste wenner van die FIA-toekenning in die werknemervoordele-kategorie te wees.

Mnr. David Price, besturende direkteur van Liberty Corporate, sê dié toekenning is om verskeie redes baie belangrik vir die maatskappy.

"In die eerste plek kom die toekenning van 'n onafhanklike liggaam met 'n streng gedragskode en hoë vlakke van professionaliteit. Dit is belangrik omdat dit onafhanklike tussengangers is wat nie 'n gevestigde belang daarby het om 'n spesifieke maatskappy vir 'n toekenning te benoem nie.

"Dit is ook 'n maatskappy waarvan die lede die waarde van vennootskappe besef om te verseker dat daar in die behoeftes van kliënte voorsien word.

"Om van die FIA erkenning te ontvang, wys vir ons dat ons 'n onderneming is waarmee onafhanklike makelaars bereid is om saam te werk en dat ons beskou word as 'n leier op die gebied van die verskaffing van oplossings aan korporatiewe kliënte," sê Price.

"In die tweede plek toon ons toekenning as 'n wenner in die produk-kategorie dat die pogings van ons produkspan om ons produkte en dienste aan die voorpunt van die mark te plaas, suksesvol is en raakgesien word.

"Om wen-produkte te ontwikkel en saam te stel, is 'n proses.

"Ons fokus nou al geruime tyd ons pogings op die behoeftes van die kliënt. Deur dit te doen, glo ons dat ons ook goeie waarde kan bied aan ons tussengangervennote, wat hulle weer aan ons korporatiewe kliënte kan bied," sê hy.

Price sê dit is vir sy maatskappy 'n eer om met die FIA saam te werk en om dié toekenning te ontvang.

"Die krag van ons verspreidingsnetwerk was nog altyd een van ons strategiese voordele en ons is dankbaar vir die vertroue wat die FIA se lede met die toekenning in ons stel," sê hy.

Enkele Lisp het wel voordele